# Gebede: 7 Days on the Wall

## 1. BID VIR : PERSOONLIKE HERLEWING

**Gebed 1:**
*Bid en vra vir God om jou sondes te vergewe sodat jy weer so wit soos sneeu voor Hom kan wees.*

***Gebed**:* Here, U woord sê in ***1 Joh 1:8*** dat as ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Here, daarom kom bely ek vanaand die volgende sondes voor U…………………………………………………………………………………………………….
Here, dankie dat ***1 Joh 1:9*** sê dat as ons ons sondes bely – U getrou en regverdig is, dat U ons sondes vergewe en ons skoonmaak van al ons sondes. Amen

**Gebed 2**:
Bid en vra vir God om jou te help om hulle te vergewe en vry te spreek van dit wat hulle aan jou gedoen het.

***Gebed***: Here Jesus, ek kom bely vanaand dat daar dinge is wat mense aan my gedoen het waarvoor ek hulle nie kan vergewe nie. U woord leer my in ***Matt 6:14-15*** dat as ek ander mense hulle oortredings nie vergewe nie, U my oortredings ook nie vergewe nie. Here, ek het nodig dat U my sondes vergewe, en ek kan nie langer met hierdie bitterheid in my hart rondloop nie. Here Jesus, verwyder asseblief alle bitterheid en onvergewensgesindheid uit my hart uit. Was my binneste skoon van alle vuilheid, sodat ek skoongewas kan wees van enige iets wat teen U wil is. (***Ef 4:31-32***). Amen

**Gebed 3**:
Daar is 'n spreekwoord wat sê: When in doubt – DON'T! Wanneer jy nie seker oor iets is nie, LOS dit. As jy nie seker daaroor is nie, is die antwoord – LOS dit! Dit is dan die Heilige Gees wat jou onrustig maak daaroor. Bid nou daaroor en vra vir God om jou te help om dit te los, daarmee op te hou, want dit help nie jy het nou net vergifnis vir jou sondes gevra en dan gaan jy aan met die goed waaroor jy nie seker is nie.

***Gebed***: Here, U woord sê in ***Ef 5:8*** dat ek vroeër die ene duisternis was, maar nou in die Here is ek lig. U sê ook dat ek as iemand van die lig moet leef. Uit die lig kom alles wat goed, reg en waar is, as ek dan twyfel of U tevrede is met dit waarmee ek besig is, dan kan daar niks goed, reg en waar daaruit kom nie. ***Ef 5:9*** sê dat ek gedurig vir U moet vra of dit waarmee ek besig is, OK is met U, want ek wil niemand anders tot 'n val bring deur dit waarmee ek besig is nie
(***Rom 14:13***) OF U naam skade doen, met dit waarmee ek besig is nie (***Rom 2:24***). Here, vergewe my asseblief daarvoor, en help my om op te hou met …………………………….. Amen

## 2. BID VIR: VERLORE SIELE

**'n Gebed om vir 'n ongeredde persoon te bid:**
Vader, U Woord is duidelik dat dit beslis nie U wil is dat die goddelose moet sterf nie, maar dat hy/sy hom/haar sal bekeer sodat hy/sy kan bly lewe. (**Eseg.18:23**). Die Woord leer dat U geduldig is met ons omdat U nie wil hê dat iemand verlore gaan nie, maar dat U wil hê dat almal hulle moet bekeer (**2 Pet.3:9**), dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom. (**1 Tim.2:3-4**).

U het die wêreld so liefgehad dat U U enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (**Joh.3:16**). U bewys U liefde vir ons deurdat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (**Rom.5:8**). Op grond hiervan bid ek vir ______ se redding en dat U aan hom/haar die ewige lewe sal gee. Vader, soos wat U dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil - ek bid dat U ______ sal lewend maak. (**Joh.5:21**). Vader, trek ______ na U toe, want niemand kan na Jesus toe kom as U die persoon nie na Jesus toe trek nie. Die wat U na die Here Jesus toe trek, sal U op die laaste dag uit die dood opwek. (**Joh.6:44**).

## 3. BID VIR: HERLEWING / UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES

❖ **BID vir Herlewing:**

✓ ***JAMMER / SORRY***: (2 Kron 33:12) - Toe dit met hom so sleg gaan, het hy die Here sy God om genade gesmeek, groot berou getoon voor God en gebid

O Here, ons bely dat ons bekommerd is oor dit wat in ons land aan die gang is. Ons besef dat ons elkeen 'n keuse sal moet maak om ons hardkoppigheid te los. Ons bely ons trots, dat ons dink dat ons beter as ander is, en dat ons altyd reg is, voor U. Ons erken dat ons nie daarvan hou om verkeerd te wees nie. Ons loop partykeer oor ander wat in ons pad is, om te kry wat ons wil hệ. Vergewe ons asseblief, en wees ons genadig.

✓ ***BID***: (1 Pet 3:12) - Die Here sorg vir die wat reg doen, en Hy luister na hulle gebede, maar die Here is teen die wat kwaad doen.

O Here, ons bid dat U ons genadig sal wees en U nie van ons sal wegdraai nie. Laat U oë op ons lewens wees en laat U ore oop wees vir ons gebede. Help ons om die kwaad raak te sien. Leer ons om dadelik ons sondes te bely en te laat staan.

✓ ***SOEK GOD***: (Ps 63:2) - O God, U is my God, ek soek na U, en verlang na U soos 'n droeë land sonder water

Here, my hart is verander, my gedagtes nuut. Ek wil niks meer hệ as om dag en nag na U wil te vra nie. Elke keer wat ek asemhaal, elke oomblik wat ek wakker is, doen met my soos U wil. U is al wat ek wil hệ, en al wat ek nodig het. Ek gee myself nou van voor af aan U.

✓ ***MAAK KLAAR MET DIE VERKEERDE GOED IN JOU LEWE:*** (Esegiël 33:11) So seker as Ek leef, sệ die Here my God, Ek wil nie hệ dat die sondaar deur sy sonde sterf nie, Ek wil hệ hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf?

Here, ons bely dat U geen foute maak nie, maar getrou en regverdig is in alles wat U doen. Soms sệ ons: "Waarom het die Here dit toegelaat" of "Waarom het God dit nie gekeer nie" Ons maak of ons niks verkeerd gedoen het nie, en gee U dan die skuld vir wat daarna gebeur. Wees ons genadig en vergewe ons, want ons weet nie wat ons doen nie. Help ons om ons te bekeer, sodat ons kan lewe!